



In hierdie uitgawe:

- ◆ *Woord deur die Voorsitter* p1
- ◆ *Red jouself - Nie RET (Radikale Ekonomiese Transformasie)* p2
- ◆ *Onderwys in SA - Is alles Verwoerd se skuld?* p4
- ◆ *Staatsmanskap teenoor verbeelde vyande* p12
- ◆ *ROF lewer elke dag 'n bydrae tot onderwys* P13
- ◆ *Mentorvennoot loodsing in Vrystaat en Noord-Kaap* p15

Woord deur die voorsitter

*Deur Jaco Schoeman,
Voorsitter van die Nasionale Raad*

Wanneer 'n mens in absolute verwondering staar na die pragtige perskebloei wat slegs plek-plek oortref word deur die massa wit appelkoosboom lanings vergeet jy maklik van die dorre swartgebrande heuwels in die agtergrond waar 'n vernietigende brand enkele dae gelede wild, skaap- en beeskuddes oor duisende hektaar van Suid Afrika se mooiste berggrond uitgewis het en waar moedige bleekgroen grassprietie nou desperaat uitreik na die jaar se eerste lentereën. Dit is maar slegs die *deurwinterde deurdruk - wolboer* in ons kontrei wat effens orent kan beur danksy 'n wolprys, die beste in jare.

'n Paar dekades gelede was daar heelwat konsternasie toe veeboere indringende besluite moes neem oor of, wol, of vleis. Vir baie was die antwoord opgesluit in die nuwe dubbeldoel - ras skape wat goeie wol en vleis gee het. Daar was dan jare gelede groot opwinding op ons dorp die middag toe die boodskap kom dat een van die boere op pad is met is met drie ramme van hierdie wonderlike ras wat vleis en wol gee. Toe die spog bakkie met sy pragtige reëlins en nog mooier vraag van 3 uitsoek ramme buite die plaaslike watergat stop, het die eienaar hoflik by die deur gewag vir almal om uit te storm om te gaan kyk na hierdie ramme voordat hy toe self by die hoe stoeltjie gaan sit het om sy eie dors te les. terwyl die geruis van kommentare van buite hoorbaar was. Die vagte is versigtig met die handpalms oopgetrek om na die wol te kyk, die kruise is bevoel en geknyp om na die vleis te kyk, die bouvorm is ontleed en die plooi, of afwesigheid aan plooi is gesoek, en toe kom die welluidende vraag van een van die gesoute boere uit die distrik. "Se my, is hierdie nou 'n mes, of is dit 'n vurk."



Ons kan Afrikaners nie langer verkwalik as ons toenemend en met reg elke dag skepties na alles om ons kyk en vra, wat is dit dan nou? Is dit 'n mes of is dit 'n vurk? Die regerende party gaan in minder as 80 dae hulle presidentskandidaat aanwys wat heel moontlik ook die president van al die burgers van Suid-Afrika gaan wees. Die vrae maal deur ons gedagtes, want op daaglikse basis word ons oorspoel met soms goedkoop politieke retoriek en wonder ons soms of dit net ANC lede is wat 'n president kry of is daar tog 'n klein kans dat Suid-Afrikaners 'n president en staatsman kan kry. Met groot ontugtering moes ons in hierdie maand weer kennis neem wat mnr. Cyril Ramaphosa se plan met wittes in Suid Afrika is. Dit is in absurditeit slegs oortref deur Nkosazana Dlamini-Zuma wat soos 'n Rip van Winkel wat vir baie jare geslaap het en nou weer in Suid Afrika wakker word en vra, met watter grond het wit Suid Afrikaners dan in Afrika aangekom? Daar is steeds verwarring, nee ontugtering oor die ANC wat steeds soos 'n pendulum swaai tussen 'n bevrydings-
(Vervolg op p2)

Woord deur die Voorsitter (verv)

organisasie vir enkele etniese groepe, in plaas van na 'n regerende party met groter staatsmanskap vir al die burgers van Suid Afrika. Daar is ook die skokkende moorde deur bendes, veral in die Kaapse vlakte en veral ook op boere op plase. Ses plaasaanvalle in die afgelope 60 uur!

Een van die hartseerste ervarings vir my was dan ook toe van wêreld se beste entrepreneurs, die Rupert-familie, wat deur harde werk, met groot maatskaplike verantwoordelikheid, die regte besluite geneem het maar bowenal deur vertroue in die vryemarkstelsel en lojaliteit teenoor alle Suid Afrikaners deur *Gupta kaders* beledig en gedreig word en steeds oënskynlik vrylik kan skreeu "kill the boer" Waarheen is ons op pad?

Dit raak toenemend duidelik dat die oplossing vir hierdie land se neiging na wanorde, rewolusie en burgeroorlog nie te vind is in die oplossing wat liberale demokrasie kan bied nie want ook liberale demokrasie is besig om na 'n afgrond en krisis te beweeg soos duidelik gesien in die afgelope Duitse verkiesing. Is daar moontlik 'n beter alternatief?

Verantwoordelike Suid-Afrikaners sal moet opstaan om getel te word. Ons sal moet uitbeweeg uit die newels en grysheid van oordadige politieke korrektheid. Ons sal moet ruggraat gee aan die vormlose protoplasma waar sosialisme, Marxisme en boewery bloot gelate aanvaar word ten koste van nasiebou, van borrelende talent, strewe na uitnemendheid, en 'n suksesvolle Suid-Afrika.

Die volgende 80 dae sal vir ons meer duidelikheid gee van wat die onmiddellike toekoms vir ons inhou. Is die volgende president 'n man of 'n vrou, is ons op die pad van rewolusie of evolusie, vrede of onrus, rassisme of nasiebou, voorspoed of swaar tye. Is ons 'n mes of 'n vurk? Die Afrikanerbond kan ook nie hierdie vraag ontsnap nie. Wat is ons plig en rol te speel oor die volgende 100 jaar. Kan die Afrikanerbond oor die volgende 80 dae meer duidelikheid hieroor gee? Die Nasionale Raad vergader weer op 18 November 2017 en alle lesers van hierdie nuusbrieff word uitgenooi om kommentaar en gedagtes in die verband te lewer. Is die Afrikanerbond 'n mes of is dit 'n vurk? ❖

Red jousef - Nie RET (Radikale Ekonomiese Transformasie)

Deur Jan Bosman

Hoofsekretaris van die Afrikanerbond

Die gort was gaar nadat mnr Johann Rupert onlangs by 'n jaarvergadering van Rlichemont gesê die regering se beleid van "radikale ekonomiese transformasie" is bloot 'n kodewoord vir diefstal. Die gewone groepering en omtrent elke vleuel van die ANC van die vroue tot die jeug het die uitspraak uitasem veroordeel.

Die omgewing waarbinne "radikale ekonomiese transformasie" deesdae bevorder word deur huidige en aspirant presidentskandidate, moet gesien word teen die volgende konteks:

- Volgens die voormalige minister van finansies, mnr Pravin Gordhan, kos staatskaping die algehele fiskus R150 - R250 miljard. (Gerapporteer op 16 September 2017)
- Volgens mnr Ebrahim Patel minster van Ekonomiese Ontwikkeling, beroof korrupsie die algemene bruto binnelandse produk van sowat R27 miljard jaarliks met 'n gevolglike verlies van 76 000 werksgeleenthede. (Gerapporteer op 1 September 2017)
- Die SA Vereniging van Gesertifiseerde Bedrog Ondersoekers van Suid-Afrika (ACFE SA) se uitvoerende hoof, mnr Jaco de Jager, sê dat korrupsie die land sowat R105 miljard per jaar kos. (Gerapporteer op 11 September 2017)

Feit is dat mnr Rupert die versiersuiker van nog 'n mislukte ideologie gestroop het en die onding by sy naam genoem het - Diefstal – niks meer nie, niks minder nie.

Dit alles is astronomiese bedrae en lig mens nie eers meer 'n wenkbrou oor die enorme verliese nie. Feit is dat mnr Rupert die versiersuiker van nog 'n mislukte ideologie gestroop het en die onding by sy naam genoem het - Diefstal – niks meer nie, niks minder nie. Om nou skynheilig hieroor te wees en mnr Rupert en apartheid weer van alles en nog wat te beskuldig, gaan nie vlieg nie. Die verleentheid vir die regering is eerder dat mnr Rupert dit voor 'n internasionale gehoor in Genève gesê het.

(Vervolg op p3)

Red jousef - Nie RET (verv)

Tydens dieselfde geleentheid het mnr Rupert ook gesê dat ekonomiese ongeregthede uitgewis moet word en dat meer geleentede geskep moet word vir swart sakelui om te floreer. Dit is korrek en dit moet ondersteun word. Maar bemagtiging moet en kan vanuit eie geleedere gebeur en dit kan nie die staat se rol wees nie. Nog minder deur 'n verdagte "radikale ekonomiese transformasie" ideologie, wat al so gekontamineer is deur diefstal en staatskaping en wanbestuur dat die ideologie, net soos soveel ander, op die puinhoop van mislukkinge gaan beland.

Afrikaners het in hulle geskiedenis ook bitter swaar getrek. Vanuit eie geleedere en sonder hulp van 'n goedgesinde staat is groot-skaalse armoede doelbewus en planmatig in die 1930's aangespreek.

'n Uittreksel uit die boek Historikus – 'n Outobiografie van Prof Hermann Giliomee wat op 3 Desember 2016 op Netwerk24 verskyn het, laat blyk prof Giliomee dat 'n opmerking van dr. Anton Rupert, "terwyl ek nog aan die boek gewerk het, my aan die dink gesit het. Ek het hom gevra of hy kon dink aan enige Afrikaanse maatskappy wat deur 'n Engelse maatskappy "bemagtig" is. Sy antwoord was: "Ek kan nie dink aan een geval nie en ek is baie dankbaar daarvoor."

'n Gemeenskap is ekonomies suksesvol as dit 'n kultuur het wat 'n premie daarop plaas om mense te oorreed om vir hul eie beswil ekonomies saam te werk.

'n Verdere uittreksel verskaf die oplossing" Net toe ek volstoom aan my boek oor die Afrikaners begin werk het, het Francis Fukuyama se vergelykende studie getitel Trust: The Social Virtues and the Creation of Prosperity in 1996 verskyn. Fukuyama beklemtoon dat maatskaplike kapitaal ewe belangrik as fisieke kapitaal is. 'n Gemeenskap is ekonomies suksesvol as dit 'n kultuur het wat 'n premie daarop plaas om mense te oorreed om vir hul eie beswil ekonomies saam te werk. Kulture wat "sosiale bande" hoog aanslaan en verenigings stig, is die beste geplaas om grootskaalse sakeorganisasies op te bou wat kan meeding, floreer en aanpas wanneer dit nodig is."

Enige staatsinmenging is gedoem en hierop reageer prof Giliomee in die uittreksel van sy boek soos volg: "Die African National Congress het voor dit aan bewind gekom het 'n studie van bemagtiging in Maleisië gemaak, waar die staat die Chinese maatskappye verplig het om maatskappye wat deur Maleiers opgerig is te bemagtig en ook aan hierdie Maleisiese maatskappye voorkeurbehandeling met kontrakte te gee. Die argitek van hierdie beleid van Maleisiese bemagtiging, wat die "New Economic Policy" genoem is, was Mahathir bin Mohamad, wat later eerste minister geword het Toe hy in 2003 na dertig jaar uit die politiek tree, het Mahathir gebieg dat hy misluk het in sy doel om die Maleiers as die "meerderheidsras" ekonomies suksesvol te maak – 'n ras wat deur die Chinese en ander gerespekteer word. Die sakelui het steeds van die "kruk staatskontrakte en regeringsdwang op Chinese maatskappye afhanklik gebly."

Wat 'n verskriklike aanklag is dit nie teen staatsinmenging en dwang nie. Transformasie, Swart Ekonomiese Bemagtiging of self "Radikale Ekonomiese Transformasie" al is dit diefstal, gaan as dwang deur die regering nie werk nie.

Al is dit deesdae 'strafbaar" of polities nie korrek om in die verlede te gaan delf en iets goed voor te hou nie, is daar wel lesse te leer. Na die Ekonomiese Volkskongres van 1939 is onder andere die Reddingsdaadbond gestig. Onder meer was die oogmerk 'n spaarfonds (met die leuse: 'n Volk red homself) waarin Afrikaners ses pennies elke maand kon belê. Federale Volksbeleggings (FVB) wat spaargeld belê het is ook uit die Ekonomiese Volkskongres gestig. Meer as 70 000 Afrikaner huishoudings het na 5 jaar by die skema aangesluit. Die Reddingsdaadbond het deur die insameling van elke pennie meer as £2 miljoen ingesamel. Vanuit die beleggings het FVB lenings aan meer as 70 Afrikaanse maatskappye/instellings gefinansier.

'n Aktuariële berekening wat pas gedoen is, toon dat die Ponde wat ingesamel is met inflasie en ander aanpassings vandag (2017) 'n Rand waarde van ongeveer R568 733 611 sou hê

'n Aktuariële berekening wat pas gedoen is, toon dat die Ponde wat ingesamel is met inflasie en ander aanpassings vandag (2017) 'n Rand waarde van ongeveer R568 733 611 sou hê teen Augustus 2017. Dit is alles gedoen met 'n eenvoudige wiskrag en vanuit uiterste armoede van ten minste 6 pennies per maand. Aktuariel bereken sou dit neerkom op R17.06 per maand in Augustus 2017.

(Vervolg op p4)

Red jousef - Nie RET (verv)

Dr Johan Fourie, dosent in ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch skryf in 'n artikel op Netwerk24 op 24 Mei 2105 en met verwysing na die lesse vanuit die Ekonomiese Volkskongres rig hy die uitdaging aan swart sakeleiers: "om dieselfde te doen vir swart huishoudings Stig 'n maatskappy wat elke maand R50 van 700 000 huishoudings invorder. Dié maandelikse R35 miljoen kan dan gebruik word om in swart entrepreneurs te belê. Só skep 'n mens welvaart aan die bo- en onderkant van die inkomsteverdeling. Só skep mens werk én rykdom en só red 'n volk homself." Meer as twee jaar later moet mens die uitdaging weer stel.

Geskiedenisbronne dui op die geweldige omvang van Afrikaners wat ekonomies uit die dieptes van armoede opgestaan het. By benadering was eie ingryping en die eie ekonomiese redding enorm: In slegs 10 jaar, vanaf 1939 tot 1949 het Afrikaner besighede van 5% na 11% van nasionale besighede gestyg. Afrikaner industrieë styg van 1239 na 3385 met 'n omset van £6 miljoen na £44 miljoen. Kommersiële ondernemings/handelaars styg in die tydperk van 2 428 – 9 585 en omset styg van £38 miljoen na £204 miljoen.

Elf jaar later in 1944 sê die voorsitter van die AHI mnr JG van Der Merwe, met trots - Die koopkrag van die Afrikaner is £120 miljoen pond per jaar.

In prof Fransjohan Pretorius se boek, Geskiedenis van Suid-Afrika" word gesê Afrikaners se per capita inkomste was die helfte van die Engelssprekendes rondom 1933. Elf jaar later in 1944 sê die voorsitter van die AHI, mnr JG van Der Merwe, met trots - Die koopkrag van die Afrikaner is £120 miljoen pond per jaar. Dit alles het gebeur voordat die fokus na politieke bemagtiging gelei het en die Nasionale Party in 1948 die bewind oorgeneem het.

Die lesse is daar - 'n Gemeenskap red homself – vanuit homself en nie met RET (Radikale Ekonomiese Transformasie) nie. ❖

Onderwys in SA: Is alles Verwoerd se skuld?

In die SABC TV gesprek, Rights and Recourse wat op Sondag 24 September 2017 uitgesaai is en waaraan die AB deelgeneem het, het die aanbieder, mnr Dumile Mateza sowel as Dr Piet Croucamp van die NWU se Mafikeng kampus, verwys na apartheid onderwys en die minderwaardigheid van die onderwys wat die doelwit van Dr Hendrik Verwoerd was.

Lees wat sê Suid-Afrika se Statistikus-Generaal Dr Pali Lehohla voor die parlement in 2016:

- ◇ ***"In die 1980's was daar vir elke swart gegradueerde 1,2 wit gegradueertes.***
- ◇ ***Tans (2016) is daar vir elke swart gegradueerde 6 wit gegradueertes***
- ◇ ***Onderwys was slegs nommer 18 op die prioriteitslys vir politici en dit sal steeds 'n probleem wees totdat dit prioriteit geniet."*** (News24, 16/11/2016)

Die onderstaande artikel uit die pen van prof Hermann Gilliomee het op 3 September 2012 op Politics-web verskyn. Met prof Gilliomee se instemming het die Afrikanerbond die artikel destyds na Afrikaans laat vertaal. Uiteraard is die poging nie om die verlede goed te praat nie, maar veel eerder is dit 'n poging om te antwoord oor die voortdurende negatiewe propaganda oor swart onderwys en onderwys in apartheid. In die konteks van die gesprek oor apartheid en swart onderwys plaas ons die artikel graag weer.

Hermann Gilliomee skryf oor die vraag of Bantoe-onderwys 'n vernietigende ingryping of gedeeltelike hervorming was. Namate die krisis van onderwys in swart skole vererger, of liewers duideliker word, neem die neiging "Kom ons blameer Verwoerd" ook toe.

Senzo Mchunu, LUR vir Onderwys in KwaZulu-Natal, het laat in Julie 2012 verklaar: "Een van die dinge wat ons gekry het, was 'n probleem in Wiskunde en Wetenskap. Dit was Verwoerd wat die vakke moeilik gemaak het omdat hy gedink het swartes sal vir hom 'n bedreiging wees'.

Oor die handboekkrisis in Limpopo het president Jacob Zuma op Talk Radio 702 gesê: "Wat vandag gebeur, is wat Verwoerd gedoen het, toe die swart meerderheid destyds nie onderwys ontvang het nie. Ons het te doen met 'n stelsel wat swart mense eeue agteruitgesit het." Volgens Zuma het Verwoerd die handboekkrisis in Limpopo geskep.

(Vervolg op p5)

Onderwys in SA: Is alles Verwoerd se skuld? (verv)

President Zuma se kommentaar het 'n reaksie ontlok van Mamphela Ramphele, 'n produk van Bantoe-onderwys en 'n voormalige Visekanselier van die Universiteit van Kaapstad. Sy het op 'n onderwyskonferensie die volgende te sê gehad oor die huidige stand van swart onderwys: "Die enorme mislukking in Suid-Afrika is nie Hendrik Verwoerd se fout nie maar dié van die huidige regering." Sy het voorts gesê: "Kinders het onder apartheid se 'gemorsonderwys' beter onderwys gekry as wat kinders vandag kry."

In die hedendaagse debat is hy egter weinig meer as 'n demoniese figuur wat veroordeel en gestriem word as die argitek van al ons teenspoed.

Hendrik Verwoerd, die Nasionale Party se Minister van Naturellesake van 1950 tot 1958 en Eerste Minister van 1958 totdat hy in 1966 vermoor is, bly een van die mees komplekse figure in die geskiedenis van Suid-Afrika. In die hedendaagse debat is hy egter weinig meer as 'n demoniese figuur wat veroordeel en gestriem word as die argitek van al ons teenspoed.

En hoewel mense 'n oorheersende populêre beeld van sy beleid van Bantoe-onderwys het, word dit baie swak verstaan. Ten spyte van die beduidende werk wat die afgelope tyd deur geskiedkundiges op hierdie gebied gedoen is, strek baie meningvormers se kennis van hierdie beleid nie veel verder as 'n berugte enkele aanhaling uit 'n toespraak wat Verwoerd in 1953 gelewer het nie.

Ofskoon die Bantoeestans en Bantoe-onderwys onlosmaaklik aan mekaar verbonde was, kan Bantoe-onderwys in aansienlike mate ook op eie meriete beskou word. Hierdie artikel poog om op net enkele aspekte van hierdie stelsel te fokus, soos befondsing en die relatiewe waarde van etniese identiteit volgens moedertaal.

Verwoerd se Bantoe-onderwys was die begin van massa-onderwys in Suid-Afrika. Na 1994 het die nuwe regime alle vorme van rassevoordele verwyder, maar swart openbare skole verkeer steeds in 'n staat van krisis. Dit is belangrik om na die beginjare van die stelsel terug te gaan ten einde vas te stel in hoeverre die wortels van die krisis tot daardie jare nagespoor kan word.

Die akte van beskuldiging

Die akte van beskuldiging teen die onderwysstelsel wat Hendrik Verwoerd, Minister van Naturellesake, in 1954 ingestel het, bestaan uit verskeie aanklagte. Die belangrikstes is:

- Hy het 'n einde gemaak aan 'n funksionerende stelsel van swart onderwys wat 'n aantal goeie sendingskole soos Lovedale en Healdtown ingesluit het.
- Sy beleid gegrond op "die veronderstelling van 'n minderwaardige potensiaal van swart mense se denke" was "uitdruklik bedoel om swart mense voor te berei vir 'n ondergeskikte plek in die samelewing".
- Hy het die onderrig van Wiskunde en Wetenskap ontmoedig.
- Die beleid het die befondsing van swart onderwys doelbewus beperk.

Ek kyk vervolgens na die vier punte afsonderlik.

Beëindiging van 'n funksionerende stelsel?

Sendingsgenootskappe het die voorsiening van onderwys vir swart mense en kleurlinge oorheers voor die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het. In 1939 het die Minister van Onderwys in die Verenigde Party-regering toegegee dat twee derdes van swart kinders sonder enige skoolondervinding hoegenaamd is. Gedurende die oorlogsjare het die regering die voorsiening van onderwys aan swart kinders aansienlik verbeter, maar teen 1950 het minder as die helfte van swart kinders tussen die ouderdomme 7 en 16 skoolgegaan, en net 2.6% van swart leerlinge was in na-primêre standers. Die gemiddelde swart kind het net vier jaar op skool deurgebring.

Onder die sendingskole was daar 'n paar uitstekende hoërskole, maar soos 'n geskiedkundige opgemerk het, die goeie reputasie van hierdie skole "moet nie die feit verberg nie dat die meeste sendingskole arm laer kole met hoë uitsakkoerse was" en dat die "sendingstelsel besig was om op alle vlakke in duie te stort".

Na 1994 het die nuwe regime alle vorme van rassevoordele verwyder, maar swart openbare skole verkeer steeds in 'n staat van krisis

Terwyl die vraag na onderwys vinnig gegroei het, moes skole baie meer kinders inneem as waarvoor hulle doeltreffende onderrig kon aanbied.

(Vervolg op p6)

Onderwys in SA: Is alles Verwoerd se skuld? (verv)

Die staat het gehelp deur salarisse vir goedgekeurde onderwysposte te verskaf, maar oor die algemeen was staatshulp ontoereikend in 'n moderniserende ekonomie. Skoolgeboue was verval en klasse was oorvol. Die meeste skole het te min personeel gehad en daar was 'n ernstige tekort aan bekwame onderwysers.

Teen die middel van die 1940's het sowel die Verenigde Party-regering as die Naturelle Verteenwoordigende Raad, die vernaamste liggaam wat swart menings verwoord het, besef dat die stelsel van swart onderwys drasties reggeruk moet word. Die vernaamste haakplekke was elders. Eerstens was daar die kwessie van befondsing.

ZK Matthews, die toonaangewende swart gesaghebbende oor onderwys en 'n prominente lid van die ANC, het modernisering geëis op 'n grondslag wat, altans by implikasie, neergekom het op die toedeling van hulpbronne vir gelyke onderwysgeleenthede. Maar blankes het vasgeskop oor die koste. RFA Hoernlé, 'n vooraanstaande liberaal, het opgemerk dat hoewel 'n groot aantal wit kiesers nie teen "naturelle-onderwys" as sodanig gekant is nie, dit in die meeste kiesafdelings selfmoord sou wees vir 'n lid van die Parlement om "voorbrand te maak, laat staan nog te stem, vir die voorstel dat blankes belas moet word sodat naturelle opgevoed kan word".

Die ontwikkeling van bedrewenheid in Engels is algemeen beskou as veel meer wenslik as om die Bantoetale as onderrigmedia te gebruik.

Nog 'n belangrike bron van konflik was in welke mate tradisionele swart kultuur deel van die skoolleerplan gemaak moet word. Matthews het gepleit vir die "bewaring van die Afrika-erfenis" en vir die gebruik van die mag van die omgangstale om sosiale verjonging teweeg te bring. Party ANC-leiers het egter enige "Bantoeïsering van naturelle-onderwys" verwerp. Swartes moes opgevoed word "om sy aan sy met Europeane (blankes) te lewe". Die ontwikkeling van bedrewenheid in Engels is algemeen beskou as veel meer wenslik as om die Bantoetale as onderrigmedia te gebruik.

In 1954 het die regering die swart en kleurlingskole wat die staat gedeeltelik befonds het, oorgeneem en beheer oor swart en kleurlingonderwys van die provinsies na die sentrale regering verskuif. As deel van sy ambisieuse plan om swart onderwys reg te ruk, het Verwoerd daarop aangedring dat swart onderwys in die "naturelle gemeenskap" gewortel moet wees. "Dis in belang van die Bantoe dat hy in sy eie kringe opgevoed word. Hy moet nie 'n swart Engelsman word om teen die Afrikaner gebruik te word nie."

In soverre die beleid gepoog het om verskillende etniese identiteite in die swart gemeenskap te bevorder, was dit 'n klaaglike mislukking, maar dit was nie die enigste rasionaal van die beleid nie. In die daaropvolgende dekades het die kwessies van die bevordering van die Bantoeaanbeleid deur middel van die onderwysbeleid en moedertaalonderwys egter hopeloos deurmekaargeloo.

Sowel Werner Eiselen, voorsitter van die kommissie wat die grondslag vir Verwoerd se beleid gelê het, as Verwoerd self het vas geglo in moedertaalonderwys as die beste vorm van onderwys.

Sowel Werner Eiselen, voorsitter van die kommissie wat die grondslag vir Verwoerd se beleid gelê het, as Verwoerd self het vas geglo in moedertaalonderwys as die beste vorm van onderwys. Eiselen, hoogleraar in volkekunde voordat hy 'n hoofinspekteur van naturelle-onderwys in Transvaal geword het, het groot respek vir die eiesoortigheid van swart mense gehad en het opreg belang gestel in die bewaring van Bantoetale en -kultuur. Vir hom was daar min twyfel dat swart mense beter sal leer deur medium van hulle eie tale.

Verwoerd self het sy sekondêre skoolonderwys deur medium van Engels aan Milton Boys School in Bulawayo gekry voordat hy aan die Universiteit van Stellenbosch ingeskryf het. Hy was die eerste student in die land wat sy doktorsale verhandeling in Afrikaans geskryf het. Hy het sy doktorsgraad in 1924 behaal, 'n jaar voordat Afrikaans tot amptelike taal verklaar is. Afrikaans het gou ontwikkel van 'n taal met lae status tot een wat op alle lewensterreine gebruik kan word. Afrikaanssprekendes, saam met Engelssprekendes, het nou die voordele begin ervaar van wat die taalkenner Neville Alexander "moedertaalonderwys van die wieg tot op universiteit" genoem het.

Bantoe-onderwys, soos dit in 1954 deur Verwoerd ingestel is, het die verskaffing van agt jaar moedertaalonderwys (MTO) behels. Verder het goed opgeleide onderwysers en bevoegde sprekers van Afrikaans en En-

(Vervolg op p7)

Onderwys in SA: Is alles Verwoerd se skuld? (verv)

gels hierdie tale as tweede tale onderrig. In die negende skooljaar moes leerlinge oorsakel na onderrig deur medium van die twee tweede tale, Engels en Afrikaans.

Die departement het die beginsel gestel dat hy nie Afrikatale as onderrigmedium in sekondêre skole sal gebruik nie totdat die swart gemeenskap dit versoek. 'n Onderwysadviesraad, wat ingevolge die beleid ingestel is, het 'n opname onder die beheerrade van swart skole dwarsoor die land gedoen om hulle steun vir verskillende opsies te peil: Dit het die volgende resultate opgelewer:

1. Afrikaans en Engels 64%
2. Net Afrikaans 5%
3. Net Engels 31%
4. Moedertaal 1%

Die karige steun vir moedertaal as onderrigmedium in die twee hoogste skoolstanderds is 'n belangrike aanduiding dat die swart bevolking – anders as die Afrikaanse bevolking – nie van die meriete van moedertaalonderrig oortuig was nie.

Bantoe-onderwys was egter nie afwykend van wat baie Westerse geleerdes as die beste onderwyspraktyk beskou nie. Ontwikkelde lande leer hulle kinders in die moedertaal omdat hulle oortuig is dat so 'n beleid pedagogies baie gesonder is. Hulle reken ook dat dit mense se vermoë om 'n bydrae tot die ekonomie te lewer, verbeter bo dié wat in 'n tweede of derde taal onderrig word. Daarteenoor gebruik baie ontwikkelende lande die koloniale taal van onderrig omdat hulle – verkeerdelik – reken dat dit 'n kortpad na 'n goeie opvoeding en werkgeleentheid is.

In Suid-Afrika was die resultate van Bantoe-onderwys tussen die middel-1950's en die middel-1970's positief, gemeet aan slaagkoerse. Kathleen Heugh, 'n erkende gesaghebbende op die gebied van taal in onderwys, skryf: "Tussen 1955 en 1975 was daar 'n bestendige verbetering in die bereiking van geletterdheid en gesyferdheid ... Agt jaar van MTO gesteun deur terminologie-ontwikkeling, handboekproduksie, opleiding van bekwame onderwysers en bekwame onderrig van Engels het gelei tot 'n slaagkoers vir skoolverlaters van 83.7% vir swart studente in 1976. Dit is die hoogste slaagkoers tot dusver."

Een van die redes vir die rampspoedige afswaai in swart onderwys na 1976 is die invoering van 'n beleid wat moedertaalonderrig tot die eerste drie jaar beperk, wat algemeen as heeltemal ontoereikend aanvaar word. Heugh kom tot die gevolgtrekking: "apartheid se onderwysbeleid het uit twee fases bestaan. Die eerste deel, tot 1976, het tot die opvoedkundige voordeel van swart studente gestrek; die tweede deel, vanaf 1976, tot hulle nadeel, met moedertaalonderrig wat tot drie of vier jaar beperk word."

Op rassistiese aannames gebaseer?

Diegene wat Verwoerd beskuldig van die implementering van 'n beleid met rassistiese aannames, baseer dit gewoonlik op 'n lesing van sy toespraak in 1953 in die parlement toe hy die beleid bekend gestel het. Hier het Verwoerd die bestaande beleid aangeval, wat, in sy woorde, vir die swart man "die groen weiveld van die blanke wys maar hom nogtans nie toelaat om daar te wei nie".

Hy het die bestaande beleid as onekonomies gekritiseer omdat geld sonder 'n duidelike doel aan onderwys bestee is. Opgevoede swartes, wat nie die werk kon kry wat hulle wou hê nie, is daardeur gefrustreer.

Daarmee het hy bedoel dat leerlinge voorsien is van vaardighede wat werkgewers nie van swart werkers wou hê nie. Hy het die bestaande beleid as onekonomies gekritiseer omdat geld sonder 'n duidelike doel aan onderwys bestee is. Opgevoede swartes, wat nie die werk kon kry wat hulle wou hê nie, is daardeur gefrustreer. Hy het gesê: "Onderwys moet sy wortels geheel en al in die natuurlike gebiede en in die natuurlike-omgewing en die natuurlike-gemeenskap hê ...Die Bantoe moet gelei word om sy eie gemeenskap in alle opsigte te dien. In die blanke gemeenskap is daar nie vir hom plek bo die vlak van sekere vorms van arbeid nie. Maar in

sy eie gemeenskap is alle deure oop."

Hierdie woorde word in feitlik elke artikel oor die onderwerp aangehaal. Verwoerd se standpunt word egter dikwels verwing deur net die eerste deel aan te haal – "Daar is vir hom in die blanke gemeenskap geen plek bo sekere vorms van arbeid nie" – en deur die kwalifikasie wat Verwoerd bygevoeg het, weg te laat: "Maar in sy eie gemeenskap is alle deure oop."

(Vervolg op p8)

Onderwys in SA: Is alles Verwoerd se skuld? (verv)

Vandag klink die eerste deel van die aanhaling baie kras, maar dit was nie strydig met bestaande beleid nie. 'n Studie verklaar: "Die oorweldigende vraag onder stedelike werkgewers was na werkers met basiese geletterdheid wat as ongeskoolde arbeid in diens geneem kon word. In die meeste gevalle het hulle arbeid deur tradisionele swart mense verkies. Daar was weinig vraag na swartes wat die meer gevorderde standerds voltooi het.

Blanke oppergesag was klaarblyklik onversoenbaar met 'n steeds groeiende, beter opgevoede, verstedelike swart bevolking wat tot strategiese vlakke van die ekonomie styg.

Die vorige Verenigde Party-regering het ook weinig behoefte gesien aan die opleiding van groot getalle swart ambagsmanne vir werk in die gemeenskaplike gebied. Die beleid het klem geplaas op die opleiding van blankes vir geskoolde arbeid in die sogenaamde "blanke gebiede". Swartes kon verwag om geskoolde werk net in die reservate te doen. In baie dieselfde woorde as wat Verwoerd later sou gebruik, het die sekretaris van die Departement van Naturellesake in 1947 aan die De Villiers-kommissie oor Tegnieuse en Beroepsopleiding gesê "die ontplooiing van uitgebreide staatsontwikkelingskemas" in die reservate

sal 'n groot aantal geskoolde poste oplewer.

Blanke oppergesag was klaarblyklik onversoenbaar met 'n steeds groeiende, beter opgevoede, verstedelike swart bevolking wat tot strategiese vlakke van die ekonomie styg. Onder die besef hiervan het JG Strijdom, Transvaalse NP-leier, DF Malan in 1946 gewaarsku dat dit onmoontlik sal wees om rassediskriminasie te handhaaf indien die gehalte van onderwys van die ondergeskikte mense steeds verbeter. "Ons predikante," het hy bygevoeg, "is heeltemal te gretig om met ander sendinggenootskappe mee te ding om die meeste onderwys vir swartes te probeer verskaf". As die staat in die toekoms sou probeer om gelyke regte van opgevoede mense te weerhou, sal dit tot "bloedige botsings en revolusies lei".

In nie-rassistiese taal gestel, deur die voorsiening van onderwys aan die ondergeskiktes te moderniseer, hoe onvolledig ook al, het die apartheidsstaat die risiko geloop dat hy die saad vir sy eie ondergang saai. 'n Meningsopname wat in 1981 gedoen is, het getoon dat swart kinders se verwerping van segregasie toeneem namate hulle hoër onderwysvlakke bereik. Ongeveer die helfte van kinders met net 4 jaar skoolonderwys het gesê blankes kan hulle eie woongebiede en skole hou, teenoor net 'n derde van diegene in standerds 7 tot 9 en net een tiende van diegene in standaard 10 en hoër. Kyk Tabel 1.

Tabel 1: Swart politieke reaksie (%) volgens die vlak van onderrig - 1981

Witmense kan die volgende hê	St 2 of laer	St 3-6	St 7-9	St 10 and hoër
Wette teen gemengde huwelike	70	65	45	18
Eie behuisingsareas	62	52	32	15
Eie skole	53	34	26	13
Plaasgrond	47	38	29	11
Ontspanningsfasiliteite	41	27	13	9
Transport en Busse	36	26	18	2

Nota: Slegs die persentasies wat segregasie aanvaar word gegee

Maar as die Afrikanernasionaliste die ondergeskiktes 'n behoorlike onderwys sou ontsê, sou dit neerkom op ondermyning van hulle begrip dat hulle ernstig is met hul verbintenis om die ondergeskikte bevolking op te hef. Verwoerd se kompromis was om swart onderwys op groot skaal uit te brei, met die voorbehoud dat dit verbind word met werkgeleenthede op laer vlakke in die ekonomie in die sogenaamde "blanke gebied en, in die geval van geskoolde werk, met diens aan die swart gemeenskap in hul onderskeie tuislande.

Die eerste helfte van Verwoerd se formulering in 1953 was 'n bevestiging van wat reeds die situasie op die grond was. Swartes was nog altyd uitgesluit van geskoolde of ander gevorderde werk in industrieë en die staatsdiens in die sogenaamde blanke gebied. Wat nuut was, soos 'n onlangse studie opmerk, was Ver-

(Vervolg op p9)

Onderwys in SA: Is alles Verwoerd se skuld? (verv)

woerd se oogmerk om nuwe geleenthede vir swartes in die tuislande te skep en wat “diens aan hulle eie mense” genoem is.

Dit is ironies dat Verwoerd vandag as 'n rassis gebrandmerk word, hoewel hy die enigste lid van die NP-regering in die 1950's was wat, sover ek weet, op rekord is dat hy rassistiese aannames uitdruklik verwerp het. In sy klasaantekeninge as professor in sosiologie aan die Universiteit van Stellenbosch tussen 1927 en 1936 verwerp hy die idee van biologiese verskille tussen die “groot rasse” en voeg hy by dat omdat daar geen verskille is nie, “dit nie regtig 'n faktor in die ontwikkeling van 'n hoër beskawing deur die Kaukasiese ras was nie”. Hy het ook die idee van verskillende aangebore vermoëns verwerp. Hy het opgemerk dat dit wat soos verskille in vaardighede in die geval van blankes en swartes lyk, eenvoudig verskille in kultuur is as gevolg van historiese ondervinding.

Hy het aangekondig dat die regering beoog om aan swartes “die grootste moontlike mate van selfregering” in hierdie stedelike gebiede te gee.

In die eerste paar weke van sy termyn as Minister van Naturellesake het Verwoerd 'n verstommende voorstel gemaak, wat verbasend genoeg deur geskiedkundiges geïgnoreer word. Dit toon dat dit nie aanvanklik sy bedoeling was om geleenthede vir swartes om gevorderde werk te doen, tot die tuislande te beperk nie. Verwoerd het op 19 Oktober 1950 Minister van Naturellesake geword, en ses weke later, op 5 Desember, het 'n vergadering op sy versoek plaasgevind met die lede van die Naturelle Verteenwoordigende Raad (NVR), wat verskeie belangrike ANC-ledes ingesluit het. Hy het gesê hy verwag dat groot getalle swartes nog baie jare lank in die groot stede sal bly, en hy het aangekondig dat die regering beoog om aan swartes “die grootste moontlike mate van selfregering” in hierdie stedelike gebiede te gee. Al die werk in hierdie townships sou deur hulle eie mense gedoen moes word, wat swartes in staat sou stel om 'n “vol lewe van werk en diens” te lei.

Om hierdie rede, het Verwoerd voortgegaan, moet swartes opgevoed word om op talle gebiede bekwaam genoeg te wees, met die enigste voorbehoud dat hulle hul ontwikkeling en hul kennis uitsluitlik tot diens van hul eie mense moet aanwend. Verwoerd het die lede van die NVR genooi om ná die sessie met hom te vergader vir 'n “omvattende onderhoud” oor hierdie aangeleenthede en om voorstelle te maak, met 'n aanbod van 'n vinnige antwoord van die regering op hulle vertoë. Die NVR het egter die aanbod van die hand gewys.

Dit was 'n beslissende keerpunt in die Suid-Afrikaanse politiek. 'n Nuwe veld vir swart politiek kon oopgegaan het as hierdie aanbod aanvaar is, veral as dit sou gelei het tot 'n politieke proses wat samesprekings tussen die regering en die stedelike swart leierskorps kon behels het oor die verkiesing van stedelike swart rade, die formule vir die toewysing van inkomste, personeelvoorsiening van die plaaslike rade se burokrasie, eienomseienaarskap en geleenthede vir swart sakeondernemings. Dit sou 'n hele nuwe veld geopen het vir die ontwikkeling van swart administratiewe en bestuursvermoëns, iets waaraan die land 'n ernstige tekort ondervind het toe die blankes die mag in 1994 oorgedra het.

Ontmoediging van die onderrig van Wiskunde en Wetenskap?

In sy 1953-toespraak het Verwoerd ook opgemerk dat dit geen sin het om vir 'n swart kind wiskunde te leer as hy of sy dit nie in 'n loopbaan kan gebruik nie. Waarskynlik as gevolg van hierdie woorde beweer 'n on-

'n Studie in 1968 deur Muriel Horrell van die SA Instituut vir Rasseverhoudinge was krities teenoor Bantoe-onderwys, veral die gebruik van moedertaalonderrig, maar positief oor die leerplanne.

langse studie dat wiskunde as gevolg daarvan nie meer as 'n “kernvak in swart skole” aangebied is nie. In werklikheid het die beleid nie verander nie en het wiskunde 'n skoolvak gebly. Die klein aantal swartes wat matriek behaal het met 'n skoolleidsertifikaat, het bestendig gebly. Van 1958 tot 1965 het altesaam net 431 swart matrikulante wiskunde geslaag.

Die vernaamste probleem was 'n tekort aan gekwalifiseerde onderwysers in sleutelvakke, veral die natuurwetenskappe en wiskunde. Desnieteenstaande was die algemene indruk van geleerdes wat in die 1960's geskryf het, 'n besliste verbetering in die voorsiening van massa-onderwys en die algemene standaard van geletterdheid, stry-

dig met die populêre persepsie vandag. 'n Studie in 1968 deur Muriel Horrell van die SA Instituut vir Rasseverhoudinge was krities teenoor Bantoe-onderwys, veral die gebruik van moedertaalonderrig, maar positief oor die leerplanne. Leerplanne vir primêre klasse was “opvoedkundig gesond” en 'n verbetering op die vorige leerplanne, en vir die junior en die senior sertifikaat was dit dieselfde as dié wat vir wit kinders gebruik is.

(Vervolg op p10)

Onderwys in SA: Is alles Verwoerd se skuld? (verv)

Ken Hartshorne verklaar dat die leerplanne “baie dieselfde was as dié wat in blanke provinsiale skole gebruik is en ’n verbetering was op dié wat voorheen gebruik is”.

Doelbewuste beperking van fondse vir Bantoe-onderwys?

Die ontoereikende en diskriminerende befondsing van swart onderwys word kwaai gekritiseer. Die algemene aanname is dat hierdie geweldige verskil volledig die gevolg was van die beleid soos deur Verwoerd aangekondig. Hy het gesê die staat se toewysing aan swart onderwys sal op R13 miljoen vasgepen word; enige bykomende geld moet kom van regstreekse belasting wat swartes betaal (2 miljoen). Die gevolg was dat die gaping in die verhouding van *per capita*-besteding vir blankes tot swartes toegeneem het van 7 tot 1 in 1953 tot 18 tot 1 in 1969.

Wat in die eerste plek in gedagte gehou moet word, is die groot toename in die aantal swart leerlinge – die syfer het van 800 000 in 1950 tot 2,75 miljoen in 1970 gestyg.

Dit sal egter verkeerd wees om net op die rassegapings in *per capita*-besteding te konsentreer. Wat in die eerste plek in gedagte gehou moet word, is die groot toename in die aantal swart leerlinge – die syfer het van 800 000 in 1950 tot 2,75 miljoen in 1970 gestyg. Dit het die *per capita*-besteding aan swartes drasties beïnvloed. Tweedens is die besteding aan skoolgeboue, saam met ander kapitaalbesteding, in die geval van swart onderwys nie soos in die geval van blanke onderwys in die begroting van die onderwysdepartement opgeneem nie, maar wel in die begroting van die Departement van Openbare Werke. Na raming het kapitaalbesteding ongeveer 15 tot 20 persent van die besteding aan swart onderwys uitgemaak as alle uitgawes in die begroting vir swart onderwys opgeneem is.

Tabel 2: Onderwyspandering van die staat 1952 tot 1987 in werklike 1987 rande ('000s)

Jaar	Wit	% verandering	Bruin	% verandering
1952	874 582	nvt	99 706	nvt
1957	969 553	10.9%	122 561	22.9%
1962	1 280 105	32.0%	146 742	19.7%
1967	1 747 764	36.5%	289 399	97.2%
1972	2 719 104	55.6%	357 346	23.5%
1977	3 181 656	17.0%	523 088	46.4%
1982	4 098 822	28.8%	807 884	54.4%
1987	3 320 700	-19.0%	1 007 569	24.7%

Jaar	Indiër	% verandering	Swart	% verandering
1952	27 319	nvt	144 385	nvt
1957	38 213	39.9%	165 776	14.8%
1962	49 960	30.7%	169 532	2.3%
1967	97 031	94.2%	254 344	50.0%
1972	152 092	56.7%	476 671	87.4%
1977	220 598	45.0%	640 922	34.5%
1982	390 698	77.1%	1 959 922	205.8%
1987	404 647	3.6%	3 400 250	73.5%

Nota: Swart syfers sluit die TBVC state in.

Laastens, en dalk die belangrikste: die beleid oor die koppeling van onderwysfondse aan die belastinginkomste van swart belastingbetalers is nie uitgevoer soos deur Verwoerd aangekondig is nie. Uit die tabel hierbo kan afgelei word dat die beleid net tussen 1957 en 1962 toegepas is, toe daar ’n toename van net 2% in be-

Vervolg op p11)

Onderwys in SA: Is alles Verwoerd se skuld? (verv)

steding was. In die volgende vyf jaar, tussen 1962 en 1967, het besteding met byna 50% toegeneem. Die regering het aanvaar dat die groot toenames in die getalle swart leerlinge die beleid heeltemal onrealisties gemaak het. Volgens Joubert Rousseau, 'n latere Direkteur-generaal van Bantoe-onderwys, het Verwoerd goedkeuring gekry dat die bedrag wat vir swart onderwys toegewys is, uit die leningsrekening aangevul kon word. Die lenings is nooit terugbetaal nie.

Die ervaring van swart skool-onderwys in die tydperk 1950-70 was een van gedeeltelike modernisering, wat tot 'n toename in inskrywings van swart leerlinge gelei het, sonder dat bykomende onderwys-hulpbronne teen 'n vergelykbare tempo verskaf is.

'n Ernstige probleem rakende die implementering van die beleid was die onvermoë om genoeg swart onderwysers te kry om in die groeiende vraag na onderwys te voorsien. 'n Onlangse studie lewer 'n oorwoë uitspraak oor die stelsel: "Die ervaring van swart skoolonderwys in die tydperk 1950-70 was een van gedeeltelike modernisering, wat tot 'n toename in inskrywings van swart leerlinge gelei het, sonder dat bykomende onderwys-hulpbronne teen 'n vergelykbare tempo verskaf is." Dit is te betwyfel of die grootste opposisieparty in die parlement, wat ook aan wit kiesersdruk onderhewig was, die gaping in die *per capita*-besteding wesenlik sou vernou het teen 'n veel vinniger tempo.

Die tabel gee 'n goeie aanduiding van apartheid se ritme. Die strengheid van die 1950's, veral wat swartes betref; die stadige relatiewe verbetering in staatsbesteding aan swartes in die 1960's en die wesenlike toenames in besteding tussen 1970 en die einde van die 1990's, veral in die tydperke na 1977 en 1982.

Verwoerd in perspektief

Hendrik Verwoerd kan net in die konteks van sy tyd beoordeel word. Hy was 'n akademikus wat beïndruk is deur die pogings van sosiale wetenskaplikes in die VSA tussen die wêreldoorloë om maniere te kry om die modernisering van die samelewing te laat plaasvind sonder om konflik tussen etniese groepe en klasse te vererger. Hy was oortuig dat die modernisering van die Suid-Afrikaanse ekonomie na die Tweede Wêreldoorlog dit noodsaaklik gemaak het om 'n stelsel van openbare onderwys vir swartes in te stel wat geletterdheid en gesyferdheid vir swartes sal bied, wat in die 1950's geen hoop gehad het om verder as halfgeskoolde werk in die bedryf te vorder nie. Niemand het die baie vinnige ekonomiese groei van die 1960's voorsien nie.

Die uitfasering van staatsubsidies aan sommige top swart skole soos Lovedale en Healdtown was 'n bittere terugslag vir lede van die verstedelike swart elite en het hulle meer vasbeslote gemaak om die apartheidstelsel heeltemal te verwerp. Tog het Bantoe-onderwys twintig jaar lank na die instelling daarvan weinig swart teenkanting ontlok, en swart ouers het die oproepe vir skoolboikotte geïgnoreer. Hierdie teenkanting het eers in die mid-1970's na vore gekom nadat die beleid aangepas is om dit vir groot getalle swart kinders moontlik te maak om tot veel hoër standerds te vorder as wat in die vorige dekades moontlik was. Dit het onvermydelik gepaardgegaan met die toenemende verpolitisering van die leerlinge, soos JG Strijdom gewaarsku het.

Was Verwoerd opreg in sy verklaarde verbintenis om swartes op te voed vir diens in hul eie gemeenskap? David (Lang David) de Villiers, een van die top advokate in die 1960's, het in die 1960's nou met hom saamgewerk in die voorbereiding van Suid-Afrika se saak in die geskil oor Suid-Afrika se mandaat oor Suidwes-Afrika, wat deur die Wêreldhof aangehoor is. Sy mening was dat dit heeltemal vreemd aan Verwoerd se aard was om te mislei. Hy het dit baie duidelik gemaak dat die beskerming en bevordering van blanke belange ondubbelsoortlik sy prioriteit is.

Anders as baie ondersteuners van die Nasionale Party het Verwoerd goed opgevoede swartes nie as 'n bedreiging beskou nie solank hulle hul aspirasies na hul tradisionele "tuislande" gerig het.

Wat Bantoe-onderwys betref, het hy blykbaar nooit verstaan dat swartes in die topklas sendingskole net so erg gegrief was oor die verlies van die skole se identiteit as wat die geval sou wees onder Afrikaners as 'n vreemde regering die aard van 'n Paul Roos Gimnasium of Paarl Gimnasium sou verander nie.

Anders as baie ondersteuners van die Nasionale Party het Verwoerd goed opgevoede swartes nie as 'n bedreiging beskou nie solank hulle hul aspirasies na hul tradisionele "tuislande" gerig het. Maar die Bantoe-stans was nie noodwendig die einde van die pad nie. Toe 'n volgeling die wysheid van die stigting van nuwe swart universiteitskolleges bevraagteken, het hy geantwoord: "Ons sal in die toekoms dikwels met [swartes] moet onderhandel oor talle kwessies, insluitende onderwys en politiek. Dit sal beter wees om te

(Vervolg op p12)

Onderwys in SA: Is alles Verwoerd se skuld? (verv)

onderhandel met mense wat goed ingelig en opgevoed is.” [34] Hy het in 1966 gesterf net toe dit duidelik geword het dat die tuislande weinig of geen hoop het om lewensvatbare state te word nie.

Ondanks die uitskakeling van rasverskille in besteding en klaskamergetalle verkeer swart openbare onderwys in so 'n haglike toestand dat, in die woorde van 'n gesaghebbende soos Mamphela Ramphele, dit swak vergelyk met die Bantoe-onderwys van die 1950's en 1960's. Die swart matriekslaagsyfer van 1975 is nog nie oortref nie. Die fout lê blykbaar elders.

Slotsom

Die artikel het eers die vraag gestel of Verwoerd 'n funksionerende stelsel afgeskaf het. Die antwoord daarop was dat daar 'n paar goed funksionerende kerkskole was, maar die res van die stelsel moes drasties regge-ruk word. Was die beleid op rassistiese aannames gebaseer? As daar met rassisme bedoel word die ideologie van 'n biologies gebaseerde onderskeid tussen meerderwaardige en minderwaardig vermoëns, is die antwoord nee. Die beleid het teen swartes gediskrimineer deur daarop aan te dring dat hulle net in die tuislande gevorderde vorms van werk kan doen. Studies het bevind dat die leerplanne van skole in die hoër standerds dieselfde was as wat in wit skole gebruik is. Die toenemende verskil tussen die *per capita*-besteding aan blanke en swart leerlinge het in die eerste plek met die snelle toename in swart getalle verband gehou. Soos Tabel 2 toon, het die werklike besteding na 1962 vinnig toegeneem. As kapitaalbesteding, wat op die begroting van 'n ander departement geplaas is, bygetel word, was die toenames heel aansienlik.

'n Karakter in Julian Barnes se roman *The Sense of an Ending*, wat in 2011 met die Man Booker-prys bekroon is, merk op: “As die blaam op 'n enkele persoon geplaas kan word, is al die ander mense skotvry; maar as 'n proses geblameer word, word alle individue van blaam onthef.” Dit lyk soveel makliker om Verwoerd die skuld vir die huidige mislukkings van swart onderwys te gee. Die alternatiewe siening – dat ons almal aandadig is – is seker te aaklig om te oorweeg.

Hierdie artikel is met bystand van die Friedrich-Naumann-Stiftung für die Freiheit (FNF) gepubliseer. Die menings wat in hierdie artikel aangebied word, is dié van die skrywer en stem nie noodwendig met die sienings van die FNF ooreen nie. Die artikel is met bystand van die Afrikanerbond na Afrikaans vertaal. ❖

Staatsmanskap teenoor verbeelde vyande

Deur Jan Bosman

Hoofsekretaris van die Afrikanerbond

Max du Preez het op 25 September 2017 in 'n rubriek in *Beeld* en *Netwerk* met die opskrif “Alles is nie Wit en Swart soos volg geskryf: “ Wit mense en Afrikaners moet met 'n groter historiese perspektief, sensitiwiteit, begrip en realisme 'n nuwe plek in die nuwe omgewing verbeel. (My onderstreepte teks) In die berig probeer hy weer sy standpunt stel rondom die hele Jakaranda debat, vee 'n algemene klap uit na Tim du Plessis en die Naspers geskiedenis en predik hy weer vir die “wit boelies” by AfriForum en Solidariteit.

Hierdie skrywe is nie om Max du Preez te kritiseer of sy breë gedagtes af te skiet nie. Die fout wat Max du Preez maak is dat ons onself in 'n Utopia moet inverbeel. Dit is waar Max du Preez en denkers soos hy die pot heeltemal missit. Ons werk daagliks met die realiteite van Suid-Afrika. Die meerderheid Afrikaners die sowat 5 uit 100 Suid-Afrikaners wat hy noem, probeer elke dag 'n bestaan maak in sy “verbeelde” Suid-Afrika. In die werklike Suid-Afrika waarin Afrikaners daagliks saam met andere moet oorleef, dankbaar is dat ons nie nog 'n plaasmoord statistiek is nie, dankbaar dat die bitter beker van misdaad slagoffer vir nog 'n dag by ons verbygegaan het. Dit is die realisme van ekonomiese oorlewing teen regstellende aksie, radikale ekonomiese transformasie en dit is die werklikheid van Afrikaans wat elke dag maar net nog 'n stukkie van haar erfdeel verloor. Nog 'n dag om te lees en te hoor dat apartheid vir alles wat verkeerd gaan blameer word, ons voorouers soos misdadigers gebrandmerk word en ons moet hoor dat ons wit boelies is. Dit is in die Suid-Afrika waarin almal hulle erfenisse mag vier maar laat iemand dit net durf waag om iets positiefs uit die koloniale verlede te haal, word sy summier aangekla in haar eie politieke party.

Ons kon almal verbeel. As Afrikaners kon ons na 1994 met 'n skoon gewete sê, ja daar is foute gemaak, ons weet dit ons erken dit. Maar ons weet ook dat ons foute mense seer gemaak het. Die Engelse uitdrukking sê twee foute maak nie iets reg nie. Daarom het ons die nuwe Suid-Afrika en begrippe soos nasiebou en versoening omarm en dit deel gemaak van ons daaglikse lewenswyse. Lewers het dinge verskriklik skeef ge-
(Vervolg op p13)

Staatsmanskap teenoor verbeelde vyande (verv)

loop. Miskien was dit Mbeki wat met sy twee nasies (Wit ryk en swart arm die wit hand van versoening weggeklap het. Miskien was dit die ANC kollektief wat deur sy politici nie optree teen vergrype nie maar dit ooglopend toelaat - Miskien die verwyte oor die verlede - wie weet? Wat ons vandag ervaar is egter weer 'n fout.

Die verskriklike oordadigheid waarmee die verlede uitgewis word, skep weer nuwe onregte, nuwe vergrype, nuwe apartheid. Om ons hieruit te verbeel na 'n nuwe en verbeelde omgewing is fataal. Ons moet werk met die nuwe realiteite van vandag. As ons reaksie en aksie in spanning is met realiteite is dit nie nuwe rassisme of boeliery nie. Dit is dalk ons oorsensitiwiteit en ons oordadige politieke korrektheid van die laaste twee dekades dat ons dinge maar net aanvaar nie, niks gesê het om nie aanstoot te gee nie, niks gedoen het om tog net nie te lyk asof ek dalk 'n rassis is nie. In die proses het ons te veel dinge vir te veel mense probeer wees en te min dinge vir iemand in die besonder. Elke dag gaan nou om oorlewing. Ons kan in isolasie soos Max Du Preez sit en verbeel op Riebeeck-Kasteel, of ons werk met die harde realiteite van vandag.

Ons kan in isolasie soos Max Du Preez sit en verbeel op Riebeeck-Kasteel, of ons kan werk met die harde realiteite van vandag.

Ons is lief vir ons land en sy mense. Ons wil nie twyfel oor ons Suid-Afrikerskap nie. Ja daar is wit rassiste, net soos wat daar swart rassiste is. Hulle is oral in die samelewing Ons moet die denke en uitsprake van beide wit en swart rassiste verwerp. Die tendens is egter om wit rassisme te vervolg en swart rassisme te verdedig of te regverdig. Daarmee word nog 'n stukkie van die verbeelding oor "perspektief, sensitiwiteit, begrip en realisme" weggekalwer.

Hier is nog Afrikaners wat weet dat dit ons land ook is. Afrikaners moet nie as die probleem gesien word nie. Veelv eerder moet daar opnuut gekyk word na die talent en vaardighede wat Afrikaners het en wat tot voordeel van Suid-Afrika aangewend moet word. Verwyder die struikelblokke wat die talente beperk, wat entrepreneurs ontmoedig, wat mense soos tweedeklas burgers in hulle eie land behandel. Wat op meriete in die nasionale span behoort te speel. Afrikaners is lankal nie meer Suid-Afrika se vyande nie. Al is dit die missie van so baie kommentators en leunstoel kritici om dit daagliks te probeer uitwys.

In die mediaberigte oor Hoofregter Mogoeng Mogoeng se toespraak Donderdagaand 28 September 2017 tydens die Bram Fischer gedenklesing by die Apartheidsmuseum wil dit voorkom asof hy met ewewigtigheid vingers wys na wit en swart se bevordering van selfsugtige eiebelang en ook die groter voorkoms van rassisme.

Die groter ironie is dat die Hoofregter se optrede meer soos 'n staatsman is wat met 'n nasie praat en pleit vir balans en besinning tussen wit en swart. Diit is leierskap en is tans skromelik afwesig in Suid-Afrika. Die staatsman optrede is in skrilte kontras met mnr Zuma wat homself en die ANC voortdurend eerste plaas.

Hoofregter Mogoeng se optrede en uitsprake vul 'n leemte in 'n land wat smag na leierskap. Meer nog waardegedrewe staatsmanskap. Suid-Afrika het nodig dat daar wedersydse vertrouwe moet wees, respek vir mekaar se standpunte en bowenal 'n wil om mekaar tegemoet te kom en mekaar te probeer vind tussen die probleme en uitdagings van die tyd. Daar is nog steeds 'n werklike wil en deursettingsvermoë om Suid-Afrika as suksesvol tot voordeel van almal te laat funksioneer. Hoofregter Mogoeng Mogoeng het waardevolle en wyse insigte gegee in 'n land met enorme uitdagings in 'n kritieke tyd van afwesige leierskap. ❖

ROF lewer elke dag 'n bydrae tot onderwys

Beste AB-vriende


Ons wil graag vir u op hoogte bring van Rapport Onderwysfonds (ROF) se werksaamhede gedurende 2017. (Net weer vinnig in kort : ROF is 'n nie-winsgewende organisasie wat leningsbeurse beskikbaar stel vir Afrikaanssprekende onderwysstudente.)

LENINGSBEURSE

Daar is meer as 550 aansoeke gedurende Oktober 2016 ontvang en ons kon 273 studente in 2017 help met leningsbeurse (ongeveer R5,4 miljoen). Die meeste aansoeke is uit die gemiddelde inkomste-groep ontvang wat daarop dui dat die huidige ekonomiese klimaat al hoe groter negatiewe druk op die gemiddelde huishouding plaas.

(Vervolg op p14)

ROF lewer elke dag 'n bydrae tot onderwys (verv)



Aan die begin van Januarie 2017 is 'n ontleding uit 219 afgestudeerde ROF-studente gemaak. 206 uit die 219 studente (94%) het hul onderwyskwalifikasie ontvang en is tans in die onderwys. 11% is in nie onderwysverwante poste en 2% het studies gestaak. Die grafika regs dui aan dat die samestelling van die 206 afgestudeerde studente soos volg is: 65 (30%) is by hoërskole Graad 8-12, 'n verdere 57 (26%) is by laerskole Graad 4-7, 69 (32%) afgestudeerdes is by kleuterskole tot Graad 3, 8 (4%) is in die buiteland en 7 (3%) is by tersiêre instellings betrokke. ROF kry gereeld briewe van ons nuwe onderwysers - en hul toewyding en dankbaarheid loop soos 'n goue draad deur al hul suksesverhale! Wees verseker dat u finansiële ondersteuning 'n wesentlike verskil in hul lewens maak!

VOORSITTER TRAP VIR ROF

Waldimar Pelser, voorsitter van ROF en redakteur van Rapport, het beplan om gedurende Maart 2017 deel te neem aan die Kaapse Fietsry Toer om daardeur fondse in te samel vir ROF. Alhoewel die wind 'n stok in die speke van die fietsryers gestee het, het ons R50 000 ingesamel wat aangewend is vir twee onderwysstudente se leningsbeurse.



ROF PRESTIGE TOEKENNINGS

Aangesien daar so 'n groot tekort aan goed gekwalifiseerde Wiskunde-onderwysers is, het ROF vanaf 2014 begin om jaarliks ±10 prestige-toekennings te maak aan Wiskunde-onderwysers/studente wat 'n tiendae-kursus by Utrecht Universiteit, Nederland gedurende Augustus bywoon (borge word gewerf om hierdie studente se uitgawes te dek). Die kursus word jaarliks in die laaste twee weke van Augustus by Utrecht Universiteit aangebied.

Dit fokus onder andere op die nuutste kurrikulumontwikkeling en navorsing op die gebied van wiskunde-onderwys en verbreding/uitbreiding van die kennis van wiskunde-onderwys. Onderwerpe sluit in: kurrikulumontwikkeling, die ontwikkeling van leerders se talent, klaskamer eksperimente, gebruik van tegnologie, assessering.

2018 AANSOEKE

Aansoeke vir 2018 het 30 September gesluit. Hoofkantoor is tans besig om die voorbereiding te doen sodat die beurskomitee einde Oktober die evaluering en keuring kan doen. Daar is vanjaar weer 'n paar honderd aansoeke ontvang van behoeftige Afrikaanssprekende onderwysstudente en by meeste aansoeke is persoonlike briefies aangeheg wat die nood beklemtoon en die begeerte uitspreek om 'n leningsbeurs te ontvang.

ROF lewer elke dag 'n bydrae tot onderwys (verv)

ROF het werklik u ondersteuning nodig om hierdie studente se drome te bewaarheid en wil daarom 'n dringende uitnodiging aan al die afdelings en individuele lede rig om 'n skenking aan ROF te oorweeg. U belegging in die onderwys sal vir jare nog voortleef in die onderrig van kinders en kleinkinders!

Dankie vir u belangstelling en ondersteuning aan ROF! Wees verseker dat elke druppel die emmer volmaak en daardeur 'n geleentheid aan 'n jongmens gee om hul drome te ver-wesentlik!

ROF-groete

(Phil-Marié Roberts

Bemarkingsbestuurder

Rapport Onderwysfonds Tel. 021 406-3699/0731228800. Absa, Takkode 632 005, Reknr: 405 864 6741.

Art 18A sertifikate word uitgereik by ontvangs van 'n donasie.) ❖

Mentorvennoot loodsing in Vrystaat en Noord-Kaap

Lede in die Vrystaat en Noord-Kaap

Onderstaande is 'n uitnodiging vir die loodsing van Mentorvennoot in die Vrystaat en Noord-Kaap. U word vriendelik versoek om alle Hoërskool skoolhoofde, bestuurslede, beheerliggaam verteenwoordigers, onderwysers (EBW, ekonomie, rekeningkunde, LO), ouers en sakelui wat passievol is oor entrepreneurskap met maksimum van vyf (5) persone per skool uit te nooi na die geleentheid op die 14 Oktober 2017 te Bloemfontein.

Francois Saayman
Provinsieraadsekretaris
Afrikanerbond – Vrystaat

Entrepreneursprogram vir hoërskole—Vrystaat en Noord-Kaap

- Die ekonomiese lewensmodel is besig om tektoniese veranderings te ondergaan agv tegnologie.
- Die oorgrote meerderheid van skoolverlaters gaan nie werk kry in die formele sektor nie en gaan op hulleself aangewese wees vir finansiële oorlewing.
- Die nuutste beskikbare navorsing en inligting is gereduseer tot 'n aantal kernbegrippe of fokuspunte wat in 'n buite-kurrikulêre entrepreneursprogram gebruik en toegepas word. Leerders organiseer hulleself en leer op 'n baie basiese en praktiese vlak met speletjies en pret:

Waarna kyk ons:

- Wat kweek 'n entrepreneur?
- Wat is die belangrikste dinge wat 'n entrepreneur moet kan doen om te kan geldmaak?
- Hoe begin mens en hoe leer jy om besigheid te doen?
- Hoe werk die skeppende proses om nuwe idees te kry?

U word hiermee hartlik uitgenooi na 'n byeenkoms om te besluit oor moontlike deelname aan die entrepreneursprogram. Dit word sedert 2016 suksesvol in hoërskole geïmplementeer deur die nie-winsgewende diensorganisasie Mentorvennoot NPO, onder voorsitterskap van dr. Theuns Eloff, voormalige rektor van NWU.

'n Plaaslike loodskomitee reël 'n byeenkoms in Bloemfontein op Saterdag 14 Oktober 2017 vanaf 08:30 en sluit af met 'n ete by die restaurant op die gronde. Waar: Die Oorlogsmuseum auditorium by die Vrouemonument

Koste: Gratis.

Doel: Watter skole wil inskakel by die program?

Wie moet bywoon? Skoolhoofde, bestuurslede, beheerliggaam verteenwoordigers, onderwysers (EBW, ekonomie, rekeningkunde, LO), ouers en sakelui wat passievol is oor entrepreneurskap met maksimum van vyf (5) persone per skool

Bevestig asseblief per epos: Naam, skool en kontakbesonderhede aan

Mnr Pieter Miles

Epos: pieter.miles@gmail.com **Tel:** 082 967 1096 ❖

Kontakbesonderhede vir die Afrikanerbond
hoofkantoor@abond.co.za
www.afrikanerbond.co.za

Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006
Tel: (011) 782-8569 of (011) 782-8627
Faks: (011) 782-1190